

## Wathaba staproetes 22-24 November 2013

Geleë tussen Machadodorp en Badplaas op die R541, sowat 21Km vanaf Machadodorp. Die afdraai na die plaas is op S 25g 47' 39.7", E 030g, 22' 20.3". As jy die Pongola express se treinwaens sien is jy te ver.

Wilna Moolman; Paul Mulder, Erika Barnard, Carolien Pienaar, Norma Grotius; Ester de Castro; Wouter, Renee en Tiffany Crous; Jan en Corrie du Preez; Kobie Venter, JS vd Merwe; Mariette en JP Naude; Vicky Oosthuizen, Maryke van den Heuvel en Marius Stander het die stap meegemaak. 18 siele in totaal;

Die oudste 89 en die jongste 14, gemiddeld was die Kiepersol-kamp-stappers 54 Jaar oud. Vicky en Maryke het in die meer luukse 'Mountain Creek Cabin' gebly en die res in die Kiepersol stapperskamp met sy 4 kamers wat 5,5,4 en 5 slaap. Die kamp het geen elektrisiteit nie. Lekker... Daar is n baie netjiese ablusie blok met 3 aparte spoel-toilette met

witgoud, en wasbakke (Sinkskottelgies) met warm donkie-water en seep en hand-handdoeke. Daar is selfs kerse en vuurhoutgies. Aan die anderkant van die gebou is 3 dubbel storte, ja dubbelstorte met plek vir twee, twee storkoppe en twee stelle krane, met plek om te sit en self 'n hakie en hangers om jou klere op te hang en spieëls wat heel is!. Vir die meer avontuurlusiges is daar die BADkamer, met sy Sinkbad. Die water-pyp-werk is ook ware kunswerke.

Die kombuis area het 'n lekker groot kuier-tafel, heelwat potte en 'n ketel wat jy sommer op die vuur sit vir daardie laataand koffie of vroeë-oggend tee. Lig word verskaf deur 'n paar parafien lampe. Die binne-braai is groot genoeg vir die hele groep se vleisie, as die weer jou nie toelaat om buite om die braai-sirkel te sit en kuier en braai nie. Genoen droë hout en Fyn houtgies word vir die donkie en braai-vure voorsien.



Saterdag oggend stap die groep die Linx roete van sowat 10 km. Paul neem die kortpad uit, Marius en Maryke stap die 4Km Bosbok roete. Jan en Corrie geniet die stilte in die kamp.

Die Middag stap sommige die paar honderd meter na die onderkant van die Wathaba Rainbow Falls (Bo). Op die 4Km stappie sien mens die water net van bo af (regs).

Saterdag middag laat kom verras Guise ons met twee mieliebroodjies wat sy ma, Wimpie vir ons gebak het. Dit was sooo lekker.

Sondag oggend stap die groep die 4Km Bosbok roete wat min-of-meer een kant van die Schoonspruit opgaan



en die kanderkant af. EK pas kamp op en Paul doen die kort-opsie van die 4Km stap. Die op-deel is meer in die bosse en o.a. loop die paadjie deur plekke wat genoem word 'Snelweg' en 'Cliff Edge'. Op die draai-punt is ook 'n lekker swempeel by die groot Without boom en Feetjewoud. 'n Entjie later is daar die opsie om op te draai na n uit-kyk-punt. Terug op die gewone 4Km roete word die rivier sowat 9 keer gekruis met baie netjiese stewige bruggies, elkeen met sy eie unieke naam. Dinge soos, 'Dubbelbrug', Skate Board Bridge, 'Bloukrans' en 'Laaste Brug'. 'On Water's Edge'. Dan is daar ook die 'Cliff Hanger bridge' vir die baie avontuurlustiges en brawes, maar as jy net die gemiddelde stapper is neem jy sommer die 'Chicken Run' opsie.

By 'Guise se Drinkgat' kry mens eers vreemde gedagtes oor Guise se gewoontes, tot jy die tou opmerk wat om die bordjie vas is, maak dit los en laat sal die sink emmertjie tot in die rivier, maak vol en hys op, en geniet die wonder-skone-water.

Ons het nie veel wild gesien nie, maar daar is heelwat voëls in die bosse en baie van die bome is ook volledig gemerk. Die wild wat ons wel gesien het is die donkies wat Saterdag middag wou kom deel het in die geselligheid rondom ons kampvuur. Dan is daar ook die voeljie wat net gemaak het bo-op een van die balke in die kombuis-afdak. JP het ook byna op n slang getrap aan die einde van die 4Km bosbok roete.

Daar is nog twee akomodasie opsie naby die Kiepersol kamp, naamlik die Waterbessie kamp met 'n bietjie meer toegeruste kombuis met eetgerei, gas-plate ens. Dan is daar ook die Bottelbrush kamp. Sien gerus [www.Wathaba.co.za](http://www.Wathaba.co.za) vir meer inligting.



As mens moet soek vir kommetaar sal mens dalk 'n gas-plaat kan benut in die kombuis en dalk 'n beter stap-kaart sal ook lekker wees om te kan saamdra bo die Google Earth kaart op di e Web-tuiste, maar die roete is so mooi oopgetrap en gemerk dat dit nie werlik gepla het nie.

Die roete en kampe is definitief aanbeveelbaar. Baie netjiese fasiliteite, 'n puik ligging langs die rivier, sodat as jy nie stap nie kan jy sommer net langs die kabbelende water lê en wees en lees of slaap of..... Die roete is baie mooi met groot verskeidenheid bos-stap, berg-stap, langs riviere en by heelwat mooi watervalle verby, Oppe en Affe. Die roetes is ook goed onderhou en mooi uitgeloop en gemerk. Daar sal altyd ruimte wees vir enkele verbeterings, maar daar is goeie rede hoekom Wathaba al 'n hele paar toekenings by stapklubs o.a. gewen het. Dankie Wimpe, Christia en Guise vir die voorreg om julle mooi stukkie grond te kon deel vir die naweek.

Groete  
Marius-Nomades Voetslaanklub.

